



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

**ONTWERP
(PRAKTIESE VRAESTEL)**

MODEL 2007

PUNTE: 100

TYD: 18 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES AAN DIE OPVOEDER

- Hierdie praktiese vraestel moet op die laaste Maandag van die 3^{de} termyn aan die leerders gegee word.
- Leerders kan hulle LU1 (voorbereiding) tydens die vakansie doen.
- Daar moet met die praktiese produk (LU2) op die 1^{ste} dag van die 4^{de} termyn begin word. Dit moet onder toesig van die klasonderwyser geskied omdat dit 'n eksterne praktiese eksamenvraestel is.
- Die inleweringsdatum vir moderering en assessering van PAT's 1, 3 en 5 en die praktiese eksamen is 12:00, op die Maandag van die week voor die geskrewe eksamen begin by die skool se hooftoesighouer of eksamenopsiener.
- Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word met betrekking tot datum, tyd en plek vir die voorlegging van werk aan eksamensentrums.

Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.

Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele: Die werkboek/bronboek (LU1) en die finale praktiese eksamenproduk (LU2).

LU1: DIE ONTWERPPROSES (WERKBOEK/BRONBOEK) A3 GROOTTE (50 PUNTE)

LU2: ONTWERPPRODUK (50 PUNTE)

ALGEMENE INLIGTING: OOP FINALE PRAKTIESE EKSAMEN

- PAT's 1, 3 en 5 saam met hulle assesseringstate moet aan die eksamensentrum voorgelê en daar uitgestal word.
- Die praktiese jaarwerkprodukte (PAT's 1, 3 en 5) is VERPLIGTEND en slegs kandidate wat in staat is om aan hierdie vereistes te voldoen, mag vir die eksamen op hierdie vak aflê.
- GEEN punte sal vir hierdie gedeelte van die eksamen toegeken word aan kandidate wat nie PAT's 1, 3 en 5 voorlê nie.
- PAT's 1, 3 en 5 en die finale eksamen praktiese produk (LU2) moet professioneel as 'n uitstalling by die nasientsentrum aangebied word. Dit moet in chronologiese volgorde wees met die onderskeie assesseringstate langs elke PAT. Die kandidaat se eksamen-nommer moet op elke praktiese produk (voor, agter en onder) voorkom, asook op die finale praktiese produk (LU2).
- Die finale eksamen praktiese proses (LU1) moet in 'n werkboek-/bronboek-formaat in albumvorm aangebied word. Los bladsye wat slordig aangebied is, sal NIE geassesseer word nie.
- Besonderhede van hoe die werkboek/bronboek benader moet word, kan in die *Ontwerp-Leerprogramriglyne* en die *Vakassesseringsriglyne* gevind word.

OPDRAG/ONDERWERP: Eenheid in Diversiteit

Suid-Afrika is een van die jongste demokrasieë in die wêreld. Alhoewel ons 'n reënboognasie is, het ons 'n gedentraliseerde regeringstelsel wat ons land in nege verskillende provinsies verdeel. Elke provinsie het 'n eie besondere identiteit met betrekking tot die mense wat daar woon, kultuur, godsdiens en taal. Uit 'n ontwerp-perspektief moet ons die uniekheid van elke provinsie en die mense wat daar woon, bemark. Skep 'n funksionele ontwerp om die uniekheid van jou lewe in Suid-Afrika met betrekking tot eenheid in diversiteit te bemark.

Produseer funksionele ontwerpe volgens die raamwerk wat hieronder gegee word:

LEERUITKOMS 1**Vereistes**

Alle voorbereidende werk, wat die proses van konseptualisasie tot realisering behels, moet gedokumenteer word. Sistematiese ondersoek van probleme wat deur die opdrag opgelewer word, moet getoon word.

Die ontwerp-proses moet in 'n A3-werkboek-/bronboek-formaat ($\pm 30 \text{ cm} \times 40 \text{ cm}$) gedoen word.

- Die werkboek/bronboek moet in albumformaat aangebied word (dit is in boekvorm).
- Dit moet maklik oopmaak en bladsye hê wat maklik omblaai.
- Die werkboek/bronboek moet van ligte karton of papier gemaak wees.
- Geen venstermontering, plastiekoortreksels of asetaat mag gebruik word nie.
- Alle werk wat kleiner/groter is as die grootte van die werkboek/bronboek moet op die A3-grootte bladsye van die werkboek/bronboek vasgegom word.
- Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

Jy mag van die volgende kriteria gebruik maak:

- Uitdrukking van voorneme en beredenering
- Bewys van navorsing
- Bewys van eksperimentering
- Bewys van vrugbare idees (byvoorbeeld kleinsketse/pensketse)
- Bewys van ontwikkelingskonsepte
- Bewys van tonale tekening(e) verwant aan die finale konsep (1 x A3 of 2 x A4)
- Selfevaluering van die proses

LET WEL:

- Omdat LU1 dieselfde gewigstoekenning as LU2 (finale produk) het, moet genoeg tyd gegee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
- Die opvoeder kan by die voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees.
- Die leerder mag tuis werk.
- Vir verdere instruksies verwys na die *Leerprogramriglyne (LPR)*.

[50]

LEERUITKOMSTE 2

Jou funksionele ontwerp moet jou eie keuse wees, gekies uit enige EEN ontwerpkatgorie soos in die *LPR-kategorieë/dissiplines* genoem.

Vereistes

Tweedimensionele ontwerp moet verkieslik A3-grootte wees, maar NIE groter as A2 nie.

Die grootte van driedimensionele ontwerpe sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word. Klein/Breekbare voorwerpe moet professioneel aangebied word, byvoorbeeld in gekonstrueerde verpakking.

Jy kan van die volgende kriteria gebruik maak:

- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniek en vakmanskap
- Professionele aanbieding
- Bewys van ten minste 18 uur se werk
- Bewys van betrokkenheid by ontwerp

LET WEL:

- Die opvoeder mag GLAD NIE die kandidaat op enige wyse tydens die finale produksie van die ontwerp help nie.
- Alle werk moet onder toesig van die onderwyser plaasvind.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat sal streng gepeenaliseer word.
- Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd of tydens drie aaneenlopende dae van ses uur elk plaasvind. Jou keuse van eksamenopsie moet met jou skool onderhandel word.

[50]**TOTAAL: 100**